Nico van Gijsen: Leer by die leeu en die muis

netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-leer-by-die-leeu-en-die-muis-20260724-1129

Moenie uitstel om te spaar nie, want die aftree-leeu kom, skryf Nico van Gijsen.

Vandag vertel ek die storie van die leeu en die muis. Nee, hulle ken mekaar nie.

Laat ek begin by die begin. Dit is altyd ’n goeie plek om te begin, soos suster Maria (Julie Andrews) in die 1965-fliek *The Sound of Music* vir die sewe Von Trapp-kinders die Do-Re-Mi geleer het.

Ek en my vrou was in ons tent in die bos in Botswana. Met meer diere as mense. Waar ek foto’s neem – in die dag.

Met dié storie was dit al donkeraand. Ek was besig om ons goed vir die nag in die Landie weg te pak. My vrou was al tent toe.

Of, dit was die plan, want ons kon duidelik hoor daar is ’n leeu op pad. Al brullende.

Maar vinniger as wat jy die “le…” van leeu kon sê, is sy daar uit.

“Daar’s ’n muis in die tent!”

“Ja, gaan solank in, ek sal nou die muis kom vang. Hier is ’n leeu op pad,” probeer ek ’n sinvolle argument.

“Bogger die leeu, kom vang die muis!”

Die kort gesprek het so ’n paar keer geheen-en-weer. Elke keer luider. En met meer drif.

Die uiteinde?

Ek moes eers die muis gaan verwilder. Met ’n brullende leeu wat toe al kortasem-naby was.

Ek weet nie of die muis geskrik het vir my met die byl in die hand of toe ook bewus geword het van die leeu naby nie, maar hy, of sy, is soos ’n wafferse hoogspringatleet bo-oor die rand van die tent. En weg.

Hier is ’n lewensles. Moenie dat jou fokus op die klein dingetjies in die lewe jou blootstel aan groter nadelige gevolge nie.

Dieselfde met geld. Kom ons kyk.

Wag vir die mark

Ek hoor dit te dikwels om te dink dat dit nié ’n algemene houding van baie mense is as daar oor beleggings gesels word nie. “Ek wag dat die mark stabiliseer.” Wat dit ook al beteken.

Ek vermoed die gedagte is dat die beleggingsmark eers sy groei moet wys, dan wil mense belê. Dis die klassieke fout. En die rede waarom baie mense nêrens kom met hul beleggings nie.

Die beleggingsmarkte is altyd onstabiel. Daar is geen sekerheid nie. Dit is hoekom jy jou beleggings oordeelkundig en met die bystand van ’n gekwalifiseerde finansiële beplanner moet bestuur.

Ja, daar is sekerheid in gewaarborgde inkomsteplanne omdat dit deur ’n versekeraar gewaarborg word, maar dit is vir inkomste. Dit is in baie gevalle vir baie mense die beste raad.

Vir beleggingsgroei wil jy jou kapitaal laat groei vir latere inkomste. Dan moet jy blootstelling aan die mark hê.

Teen die tyd dat die mark “gestabiliseer” het, met ander woorde, sy groeipotensiaal ten volle ten toon gestel het, het jy die geleentheid misgeloop. Dit is te laat. Die leeu is op jou, terwyl jy jou deur ’n muis laat verstar het.

Aftrede-voorsiening

Aftrede kan sy eie muis baar. En wanneer die aftree-leeu brul, is dit te laat.

Hoor my as ek sê die gebrul van die aftree-leeu is vir die meeste werkende mense reeds daar. Ongelukkig kies baie om te fokus op die muis.

Die meeste mense spaar te min vir aftrede. Of laat ek dit meer korrek uitstippel: Die meeste mense het geen voorsiening vir aftrede nie. Van die res het byna almal te min geld om af te tree.

Net sowat 6% mense in Suid-Afrika kan werklik bekostig om af te tree.

Hier is nog ’n waarheid. Nee, twee.

Jou aftreefonds by die werk gaan nie genoeg kapitaal beskikbaar stel om jou vir die res van jou lewe ná aftrede te onderhou nie. Dit klink na baie geld omdat jy in jou lewe seker nooit soveel bymekaar sal hê as jou aftreegeld nie. Maar dit is nie so baie nie.

Inflasie het, nog voordat jy by aftrede kom, al ’n vet duik in jou aftree-spaargeld gemaak. Jou geld is nooit so baie by aftrede as wat dit is wanneer jy na skattings kyk oor hoeveel geld daar vir aftrede gaan wees nie.

Die tweede waarheid is dat mense te laat begin spaar vir aftrede. Om aftreegeld te onttrek wanneer daar van werk verander word, is ’n seker manier om jou aftrede al sukkelende in te gaan.

Jy gaan selde, indien ooit, daardie geld, met die groei daarop, later inhaal. Goeie bedoelinge ingesluit.

En dan is daar ook nog die regering se eie simpel plan met die sogenaamde tweepot-stelsel, wat mense toegang gee tot ’n deel van hul aftreegeld voor aftrede. Elke jaar kan hulle uit die spaarpot onttrek.

Terwyl ons nou oor waarhede praat, hier is nog een.

Jy leef, ná aftrede, langer as wat jy dink (statisties, want niemand weet tog nie). Dit kan langer wees as die tyd wat jy gewerk het en vir aftrede moes gespaar het (as jy slim was).

En jou geld moet jou – en jou afhanklikes – hou totdat die dood jou kom verlos.

Leef gemaklik terwyl jy werk en spaar, sodat jy ná aftrede kan aanhou gemaklik leef. Of leef ryk terwyl jy werk en nie spaar nie en wees dan verseker van armoede op jou oudag.

Dit is hoe dit werk. Eenvoudig.

Spaar meer. Moenie uitstel om te spaar nie.

Die aftree-leeu kom. Hy brul hard. Doen iets.

Nico van Gijsen is ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn. Hy is die besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.

weekliks@rapport.co.za